



PLAASLIKE MARKTE - MINDER DRAMA IN MEI

Markte was steeds wisselvallig in Mei maar die skommeling was nie so erg soos in April nie. Die JSE was grootliks onveranderd en die Indeks van Alle Aandele het die maand 0.5% laer afgesluit (-2.2% jaar tot datum). Die Fini-15 het goed gevaar en het maand op maand 4.2% hoër gesluit (+14.8% jaar tot datum) nadat banke en versekeraars somer baie beter gevaar het vergeleke met April. Die Resi-10 was net-net laer op -0.3% maand op maand (+8.4% jaar tot datum), terwyl die SA Genoteerde Eiendom Indeks ook laer gesluit het (-0.3% maand op maand en -4.8% jaar tot datum). Die Indi-25 het 2.4% laer gesluit (-18.0% jaar tot datum) danksy swakker vertonings deur nywerheidsaandele. Van die groter maatskappye wat in Mei goed gevaar het sluit in Anglo American (+6.8% maand op maand), Naspers (+6.6% maand op maand), FirstRand (+5.7% maand op maand), Glencore (+4.9% maand op maand) en Prosus (+4.3% maand op maand).

Inflasie vir April was onveranderd (5.9%) teenoor Maart. Volgens Statistiek SA is prysstygings weereens aangedryf deur stygings in die pryse van voedsel, nie-alkoholiese drankies, behuising en vervoerkoste. Inflasie bly gedemp, wat daarop dui dat inflasionêre druk matig is. Kleinhandelverkope het in Maart jaar op jaar met 1.3% gestyg, beter as wat verwag is en ook beter as die daling van 0.9% wat vir Februarie bekend gemaak is.

WERKLOOSHEID EFFENS LAER

Volgens die jongste verslag rakende werkloosheid wat aan die einde van Mei uitgereik is lyk sake effens beter – die eerste daling in sewe kwartale danksy nuwe poste in vervaardiging en mynbou om aan die vraag na kommoditeite te voldoen. Die jongste syfer is nou 34.5% teenoor die vorige rekordsyfer van 35.3%, maar is steeds die derde hoogste persentasie. Die uitgebreide werkloosheidkoers het van 46.2% tot 45.5% gedaal. Werkloosheid is die hoogste onder vroue (36.4%) en mense jonger as 25 jaar (63.9%) en mense met minder as matriek as kwalifikasie (39.8%). Provinsiaal is werkloosheid die hoogste in die Oos-Kaap, met 'n amptelike werkloosheidkoers van 44% en 'n uitgebreide koers van 52.6%.



Die SA Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het soos verwag ná afloop van sy vergadering op 19 Mei die rentekoers met 50 basispunte verhoog, tenoor die verhoging van 25 basispunte na vorige vergaderings. Standard & Poors' (S&P) het SA se kredietgradering na positief (teenoor die vorige stabiel) gewysig en gesê dat SA se gunstige handelsbalans tot sy besluit bygedra het.

VOERTUIGVERKOPE STYG MAAR UITVOER DAAL

Syfers wat deur Naamsa vrygestel is toon dat plaaslike verkope van nuwe voertuie in Mei jaar op jaar met 2.1% gestyg het tot 39 177 eenhede (38 358 in 2021). Die styging was grootliks danksy die verkope van nuwe motors wat met 13.8% gestyg het (27 437 vanjaar teenoor 24 119 in Mei 2021). Die verkope van ligte handelsvoertuie het met 22.6% gedaal terwyl die verkope medium en swaar voertuie gestyg het. Aan die einde van Mei was die totaal sedert die begin van die jaar 212 537, 12.2% hoër as die 189 380 eenhede wat in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar verkoop is.

Uitvoer het egter nie goed gevaar nie en die syfer het in Mei met byna 30% gedaal, grootliks wees die onderbreking in produksie by Toyota se aanleg in Durban ná vloedskade in April. In Maart, voor vloede in KwaZulu Natal dele van die aanleg oorstroom het, het die maatskappy 6 837 motors en handelsvoertuie uitgevoer. In April was die totaal 3 629 en in Mei slegs 143 eenhede. Die uitvoertotaal vir die bedryf was 25 788 in Mei – 29.9% laer as die 36 798 eenhede wat in Mei 2021 uitgevoer is.

INTERNASIONALE MARKTE - WEEREENS 'N MOEILIKE MAAND

Internasionale markte en ook die mark in die VSA het weereens 'n moeilike maand van groot skommeling beleef (MSCI Wêreldindeks +0.1% maand op maand en -12.8% jaar tot datum) en deur die loop van die maand die ergste stygings en dalings in onlangse geskiedenis beleef. Beleggers het aan die begin van die maand hulle beleggings in byna alle bateklasse verkoop, wat pryse afgedruk het, maar in die tweede helfte van die maand winskopies gekoop wat pryse weer laat styg het, maar steeds het markte die maand laer afgesluit. Sentiment is veral deur kommer oor 'n moontlike resessie in die VSA, stygende rentekoerse, die voortgesette oorlog in Oekraïne en skerp stygings in inflasie aangedryf. China se streng inperkingsstrategie om Covid-19 te probeer bekamp het ook vir die grootste deel van die maand 'n bydrae gelewer, hoewel daar teen die einde van maand aangekondig is dat van die maatreels verslap sal word.

In die VSA het die S&P 500 (+0.04% maand op maand en -13.3% jaar tot datum) en die Dow Jones (+0.01% maand op maand en -9.2% jaar tot datum) ná verskeie lopies deur die loop van die maand grootliks onveranderd gesluit. Ná die swakste maandelikse vertoning sedert Oktober 2008 (tydens die groot finansiële krisis) in April het die Nasdaq nog 'n moeilike maand beleef en Mei 2.1% laer afsluit. Die jaar tot datum syfer vir dié mark staan nou op -22.8%.

VSA inflasie het in April effens gedaal (8.3% in April teenoor 8.5% jaar op jaar in Maart) hoewel dit steeds op 'n hoogtepunt vir die afgelope 40 jaar is. Verbruiksbesteding, wat vir sowat twee derdes van alle ekonomiese aktiwiteit in die VSA verantwoordelik is, het in April jaar op jaar met 0.9% toegeneem.

Die Amerikaanse Federale Reserweraad het ná afloop van sy vergadering vroeg in Mei gesê inflasie is 'n groot kommer en soos verwag het die meeste deelnemers aan die vergadering verdere rentekoers verhogings vir Junie en Julie gesteun, as 'n poging om inflasie onder beheer te bring sonder om 'n resessie te veroorsaak.

In Duitsland het die DAX die maand 2.1% hoër afgesluit (-9.4% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC Indeks -1.0% laer gesluit (-9.6% jaar tot datum). Ook in die Eurozone is inflasie 'n probleem en die syfer vir Mei (8.1% jaar op jaar) was hoër as wat verwag was (7.4% jaar op jaar in April). Dit was die elfde agtereenvolgende styging in inflasie in die streek en die hoogste sedert rekords in 1997 vir die eerste keer aangeteken is. Dit is veral aangeblaas deur die impak van Rusland se inval in Oekraïne wat die pryse van energie en kommoditeite die hoogte laat inskiet het. Voorlopige inflasiesyfers vir Duitsland dui daarop dat dit vir Mei 'n nuwe rekord hoogtepunt van 7.9% jaar op jaar (7.4% jaar op jaar in April) gaan haal.

Die VK se FTSE 100 Indeks het vir die tweede agtereenvolgende maand verras en het aan die einde van Mei 0.8% hoër gesluit (+3.0% jaar tot datum). Inflasie in die VK het 'n hoogtepunt vir die afgelope 40 jaar bereik en staan nou op 9% jaar op jaar vir April (7% jaar tot jaar in Maart) danksy skerp stygings in gaspryse en elektrisiteitskoste.

CHINA WYSIG INPERKINGSMAATREELS

Inperkingsmaatreels in Shanghai en Beijing is aan die einde van Mei gewysig (ná drie maande van streng inperkings) aangesien die aantal Covid-19 getalle afgeneem het. Kommer oor die impak van die land se zero-Covid strategie op die Chinese ekonomie en ook die voortslepende probleme met internasionale logistiek het markte negatief beïnvloed. 'n Lopie teen die einde van die maand – nadat nuus oor verligting van inperkingsmaatreels aangekondig is – het markte gesteun en die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand 1.5% hoër gesluit (-8.5% jaar tot datum), terwyl die Shanghai Saamgestelde Indeks die maand op +4.6% afgesluit het (-12.5% jaar tot datum). Volgens die aankopersindeks van China is omstandighede in vervaardiging effens beter en 'n syfer van 49.6 vir Mei is bekend gemaak (47.4 in April). In Japan het die Nikkei in Mei met 1.6% gestyg maar staan jaar tot datum op -5.3%.

Bronne: Anchor Capital; Business Day; Moneyweb; Netwerk24

NUUSFLITS DATUMS VIR BELASTINGOPGAWES VERANDER

Die jaarlikse belastingseisoen vir belastingopgawes skop in Julie af maar belastingbetalers moet vanjaar hul sake effens vroeër afhandel. Die keurdatum vir die indiening van opgawes vir gewone belastingbetalers is met 'n maand vervroeg. Belastingseisoen begin op 1 Julie en belastingbetalers moet jaarlikse opgawes teen 24 Oktober indien. Die keurdatum vir opgawes deur voorlopige belastingbetalers is nou 23 Januarie (voorheen einde Januarie).

KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD - BRENTHURST IS ERKEN AS EEN VAN DIE TOP WELVAARTBESTUURDERS IN SA 2021 -

BRENTHURST KANTORE:

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	Claremont	+27 (0) 21 100 3901
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	Bellville	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	Stellenbosch	+27 (0) 21 882 8706
Cape Town Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	Val de Vie Estate	+27 (0) 21 100 3901
		Mauritius	00 230 5843 5215

BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

GARDEN ROUTE | KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hiedie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.